Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

Inligtingstuk: Beurse vir Magister-/Doktorsgrade
Studie in Afrikaans: Enige vakdissipline

Julie 2018

NAGRAADSE TOEKENNINGS VIR STUDIE IN ENIGE VAKDISSIPLINE IN AFRIKAANS

Sperdatum vir aansoeke: **31 Augustus 2018 (Akademiese jaar 2019).**

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns stel vir 2019 'n beperkte getal beurse/toekennings (eenmalig) beskikbaar, bedoel vir nagraadse studie (Magister- en Doktorsgrade) deur die medium van Afrikaans IN ENIGE STUDIERIGTING:

Algemene inligting

- Voorkeur word verleen aan kandidate wat voltyds studeer.
- Kandidate wie se navorsingsvoorleggings (M en D) reeds by sy/haar universiteit goedgekeur is, word versoek om skriftelike bewys hiervan voor te lê saam met 'n beknopte opsomming van die studie.
- Kandidate in hulle tweede of derde jaar van studie vir die betrokke graad kan eweneens vir 'n beurs kwalifiseer met dien verstande dat 'n kandidaat steeds gebonde bly aan die maksimum tydperk van drie jaar (M-grade) en vier jaar (D-grade) na die eerste registrasiedatum vir die betrokke graad.
- Van studente word verwag om saam met hul aansoek 'n benaderde begroting in te dien en eweneens verslag te doen oor alternatiewe/bykomende finansiering.
- Voorkeur word verleen aan studente wat by 'n Suid-Afrikaanse universiteit ingeskryf is en wat Suid-Afrikaanse burgers is.
- Aansoeke sluit op 31 Augustus 2018 en moet op die voorgeskrewe vorm gedoen word. Die vorm moet volledig voltooi word.
- 'n Aanbeveling van die studieleier/promotor **MOET** by die aansoek ingesluit word.
- Uitslae word in die begin van Desember 2018 bekendgemaak.
- Motivering vir die studie moet in goed versorgde Afrikaans aangebied word.
- 'n Applikant ontvang 'n *erkenning van ontvangs* van 'n aansoek van die Akademiekantoor. Dit bly egter sy/haar verantwoordelikheid om te bevestig dat sy/haar aansoek die Akademiekantoor bereik het.

- **LET WEL: Suksesvolle kandidate kan die eerste paaiement van hulle beurse gedurende April 2019 aanvra, mits die SA Akademiekantoor die oorspronklike kontrakte/leningsooreenkomste en registrasiebewys reeds ontvang het. Die tweede en laaste paaiement is einde Augustus 2019 betaalbaar. Die aanvraag om die tweede en laaste uitbetaling moet vergesel word van 'n bevredigende vorderingsverslag van die studieleier/promotor.**
- **Uitbetaling van die beursgeld is onderhewig aan die aanvaarding van die beurs en die gelyktydige ondertekening van die vermelde leningsooreenkoms wat slegs van krag word sodra 'n kandidaat sy/haar studie voortydig staak, nie bevredigende vordering maak nie of sy/haar studies nie binne die gestelde studieperk voltooi nie: In die geval van 'n M-studie: maksimum drie jaar; in die geval van 'n D-studie: maksimum 4 jaar. Die beurs is ook terugbetaalbaar indien die student nie sy/haar studies sou slaag nie. Die leningsooreenkoms word ewewens van krag in geval van enige ander ongerymdhede wat met die beurs verband hou.**
- **Kandidate wat in die Natuurwetenskap hul navorsing doen, word verplig om 'n artikel aan te bied vir die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap (SATNT), 'n geakkrediteerde tydskrif wat onder die vaandel van die SA Akademie uitgegee word. 'n Vergoedingskema vir goedgekeurde bydraes in die SATNT word in die vooruitsig gestel.**
- **Kandidate wat 'n artikel voorlê vir enige ander tydskrif moet noem dat hul 'n beurshouer van die SA Akademie is.**
- **'n Hardekopie , 'n verhandeling of proefskrif van die studie moet aan die Akademie gestuur word. In die voorwoord van 'n verhandeling of proefskrif moet erkenning gegee word aan die Akademie se finansiële bydrae.**

M-studie

Beurse tot 'n **maksimum van R60 000.00** (eenmalig vir die betrokke graad) is betaalbaar vir studie deur en in Afrikaans in enige studierigting - hetsy in die geestes- of die natuurwetenskappe. Die aard van die studie en faktore soos **voltydse** of **deeltydse** studie speel 'n rol by die bepaling van die bedrag wat toegeken word.

- Die uitkoms van die studie – byvoorbeeld 'n verhandeling of skripsie - MOET in Afrikaans wees en **moet** as sodanig vir eksaminering ingedien word. Daar moet erkenning gegee word aan die Akademie in die verhandeling of skripsie.
- ***Vertalings uit enige ander taal is onaanvaarbaar***.
- Indien 'n kandidaat benewens 'n skripsie ook van die opsie van vraestelle gebruik maak, **MOET** die opsie Afrikaans vir die skryf van die vraestelle gekies word.
- Die derde jaar van M-studie word as 'n grasiejaar beskou.
- 'n Kandidaat word geag om sy/haar M-studie aan die einde van sy/haar derde jaar, na eerste registrasie, af te handel.
- **Daar moet jaarliks bewys van registrasie gelewer word.**

Indien nie aan die vermelde vereistes voldoen word nie, tree 'n leningsooreenkoms in werking wat 'n kandidaat verplig om die beursgeld wat oor die volle tydperk aan hom/haar uitbetaal is, met rente terug te betaal. Van 'n kandidaat word verwag om by die toekenning van 'n beurs 'n leningsooreenkoms te teken.

D-studie

Beurse tot 'n **maksimum van R120 000.00** (eenmalig vir die betrokke graad) is betaalbaar vir studie deur en in Afrikaans in enige studierigting - hetsy in die geestes- of die natuurwetenskappe. Die beskikbaarheid van fondse, die aard van die studie en faktore soos **voltydse** of **deeltydse** studie speel 'n rol by die bepaling van die bedrag wat toegeken word.

- Die uitkoms van die studie, in die geval van 'n proefskrif, **MOET** in Afrikaans wees. Daar moet erkenning gegee word aan die Akademie in die proefskrif.
- Indien ander uitkomste vir die D-studie vereis word, byvoorbeeld 'n reeks verwante tydskrifartikels, **moet** die meerderheid van die artikels – of minstens drie artikels in Afrikaans – vir eksamendoeleindes aangebied word. Daar moet in die artikels erkenning gegee word aan die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
- ***Vertaling uit enige ander taal is onaanvaarbaar.***
- Die vierde jaar word beskou as 'n grasiejaar.
- 'n Student word geag om sy/haar studies aan die einde van sy/haar vierde jaar, na eerste registrasie, af te handel.
- **Daar moet jaarliks bewys van registrasie gelewer word.**

Indien die student nie aan die vermelde vereistes voldoen nie en sy/haar studie nie, soos kontraktueel ooreengekom, in die gegewe termyn van vier jaar afhandel nie tree 'n leningsooreenkoms in werking wat 'n kandidaat verplig om die beursgeld wat oor die volle tydperk aan hom/haar uitbetaal is, met rente terug te betaal.

Aansoekvorms is elektronies beskikbaar op die Akademie se webwerf www.akademie.co.za of by die Akademiekantoor te Ziervogelstraat 574 Arcadia 0083 afgelewer word.

Vir enige navrae kontak:
Me Melanie Rens
SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
Tel: 086-133-3786 /beurse@akademie.co.za

Prof. J van der Elst
Beurskoördineerder

Dr Dionē Prinsloo
Hoof Uitvoerende Beampte